

INFORMASIE-TEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

BESKERM JOU TOERUSTING TEEN BEURTKRAG

Teen dié tyd is ons al gewoon aan die onvoorspelbaarheid van ons kragtoevoer-situasie en het ons reeds aanpassings gemaak in ons daaglikse roetines om dit te akkommodeer.

Maar het jy al gedink watter impak onverwagse kragvloei op jou huis- en werktoestelle het? Om te verseker dat jy nie onnodig skade ly nie, kan jy 'n paar maatreëls tref.

1. Gaan gereed die beurtkrag aan na

As jy nie weet watter krag argasies aan jy nie toerusting betyds kan beskerm nie. Daar is verskeie plekke om die informasie te soek - Eskom se Twitterrekening, webwerf, sowel as verskeie toepassings.

2. Skakel af en ontkoppel

Voordat geskeduleerde beurtkrag plaasvind, skakel al jou toestelle af en trek dit by die muurprop uit. Sodoende voorkom jy dat 'n skielike sterk stroom na jou toestel vloei wanneer krag herstel word, en sensitiewe elektronika beskadig.

Is veral belangrik dat rekenaarkabels, sowel as foonkabels, uit muurproppe verwyder word.

3. Gebruik 'n spanningafleier

Spanningsafleiers kan jou toestelle beskerm teen skadelike strome jou toestelle beskadig. 'n Ander metode om dit te voorkom, is om plugbeveiligings (spanningsafleiers (surge protectors), wat die sterkte van die stroom sal demp.

4. Maak 'n kragbank

Hierdie handige klein toestel is draagbare laaiers wat gebruik kan word om jou foon en enige ander USB-toestel te laai. Sodoende sal jy nie verstrand wees sonder selfoon of tablet as die res van die wereld in donkerte gehul is nie.

5. Kry 'n UPS

'n Ononderbroke kragbron of UPS vervul dieselfde rol as 'n oorspanning afleier, maar met die ekstra funksionaliteit van 'n ingeboude battery. Dit verskaf deurlopende kragtoevoer vir 'n maksimum van een uur. 'n UPS is bloot 'n rugsteunstelsel om jou gerings tyd te gee om jou toestelle en data te beskerm.

6. Rugsteun

Rugsteun van data behoort nie uitsluitlik gedurende beurtkrag te gebeur nie - dit behoort deel te wees van jou roetine. As jy weet dat beurtkrag onafwendbaar is, rugsteun en stoor deurlopend jou werk of ten minste voordat die kragonderbreking plaasvind. Dit sal verseker dat jy nie belangrike werk in die proses verloor nie.

Vir meer inligting besoek: www.eskom.co.za, www.mg.co.za, www.fin24.com, www.mweb.co.za, www.property24.com